# OBADJA

850-840 B.C.

Ou Testamant

Reeks 5

Klein Profete

Boek 31

| Die Ou Testament | Die Nuwe Testament |
| --- | --- |
| 1. **Wet**<br>• Boek 1: Genesis<br>• Boek 2: Eksodus<br>• Boek 3: Levitikus<br>• Boek 4: Numeri<br>• Boek 5: Deuteronomium<br><br>2. **Geskiedenis**<br>• Boek 6: Josua<br>• Boek 7: Rigters<br>• Boek 8: Rut<br>• Boek 9: 1 Samuel<br>• Boek 10: 2 Samuel<br>• Boek 11: 1 Konings<br>• Boek 12: 2 Konings<br>• Boek 13: 1 Kronieke<br>• Boek 14: 2 Kronieke<br>• Boek 15: Esra<br>• Boek 16: Nehemia<br>• Boek 17: Ester<br><br>3. **Wysheid en Poësie**<br>• Boek 18: Job<br>• Boek 19: Psalms<br>• Boek 20: Spreuke<br>• Boek 21: Prediker<br>• Boek 22: Hooglied<br><br>4. **Groot Profete**<br>• Boek 23: Jesaja<br>• Boek 24: Jeremia<br>• Boek 25: Klaagliedere<br>• Boek 26: Esegiël<br>• Boek 27: Daniël<br><br>5. **Klein Profete**<br>• Boek 28: Hosea<br>• Boek 29: Joël<br>• Boek 30: Amos<br>• Boek 31: Obadja<br>• Boek 32: Jona<br>• Boek 33: Miga<br>• Boek 34: Nahum<br>• Boek 35: Habakuk<br>• Boek 36: Sefanja<br>• Boek 37: Haggai<br>• Boek 38: Sagaria<br>• Boek 39: Maleagi | 6. **Evangelies**<br>• Boek 40: Mattheus<br>• Boek 41: Markus<br>• Boek 42: Lukas<br>• Boek 43 Johannes<br><br>7. **Geskiedenis**<br>• Boek 44: Handelinge<br><br>8. **Briewe**<br>• Boek 45: Romeine<br>• Boek 46: 1 Korintiërs<br>• Boek 47: 2 Korintiërs<br>• Boek 48: Galasiers<br>• Boek 49: Efesiers<br>• Boek 50: Filippense<br>• Boek 51: Kolossense<br>• Boek 52: 1 Tessalonisense<br>• Boek 53: 2 Tessalonisense<br>• Boek 54: 1 Timoteus<br>• Boek 55: 2 Timoteus<br>• Boek 56: Titus<br>• Boek 57: Filemon<br>• Boek 58: Hebreërs<br>• Boek 59: Jakobus<br>• Boek 60: 1 Petrus<br>• Boek 61: 2 Petrus<br>• Boek 62: 1 Johannes<br>• Boek 63: 2 Johannes<br>• Boek 64: 3 Johannes<br>• Boek 65: Judas<br><br>9. **Apokalips**<br>• Boek 66: Openbaring |

# DIE PROFEET

## OBADJA

**DIE** gesig van Obadja. So sê die Here Here aangaande Edom: Ons het ’n tyding van die Here gehoor, en ’n boodskapper is uitgestuur onder die nasies om te sê: Staan op, en laat ons klaarmaak om teen hom te veg! Kyk, Ek het jou klein gemaak onder die nasies, jy is baie verag. Die vermetelheid van jou hart het jou bedrieg, o jy wat woon in die rotsklowe, op hoë plekke bly, en in jou hart sê: Wie sal my op die aarde neerwerp? Al woon jy so hoog soos die arend en al was jou nes tussen die sterre gestel—daarvandaan sal Ek jou neerwerp, spreek die Here. As daar diewe, as daar nagrowers na jou gekom het—hoe is jy vernietig!—sou hulle nie net soveel gesteel het as wat vir hulle genoeg was nie?

As daar druiwesnyers na jou gekom het, sou hulle nie die na-oes laat oorbly het nie? Hoe is Esau deursoek! Is sy verborge skatte deursnuffel! Al jou bondgenote het jou tot by die grens gestuur; die manne met wie jy vriendskap gehou het, het jou bedrieg, jou oorweldig; hulle lê ’n strik onder jou as jou brood. Daar is geen verstand in hom nie! Sal Ek nie in dié dag, spreek die Here, die wyse manne uit Edom verdelg nie en die verstand uit die gebergte van Esau? En jou helde sal verskrik wees, o Teman, sodat elkeen deur moord uit die gebergte van Esau uitgeroei sal word. Weens die geweld teen jou broer Jakob gepleeg, sal skande jou bedek, en jy sal uitgeroei word vir ewig.

Die dag toe jy daarby gestaan het, die dag toe vreemdes sy rykdom weggevoer en uitlanders deur sy poorte gedring en die lot oor Jerusalem gewerp het—toe was jy ook soos een van hulle! En tog moes jy nie met genot die dag van jou broer aanskou het nie, die dag van sy onheil, en jou nie verheug het oor die kinders van Juda op die dag van hulle ondergang nie en nie gespog het op die dag van benoudheid nie! Tog moes jy nie in die poort van my volk gekom het op die dag van hulle nood nie, moes jy ook nie met genot aanskou het sy onheil op die dag van sy nood nie en nie die hand uitgesteek het na sy rykdom op die dag van sy nood nie! En jy moes nie gestaan het op die kruispad om sy vlugtelinge uit te roei nie en nie sy vrygeraaktes uitgelewer het op die dag van benoudheid nie.

Want die dag van die Here is naby oor al die nasies; soos jy gedoen het, sal aan jou gedoen word, jou daad sal op jou hoof neerkom. Want net soos julle gedrink het op my heilige berg, sal al die nasies gedurigdeur drink, ja, hulle sal drink en swelg en word asof hulle nooit bestaan het nie. Maar op die berg Sion sal daar ontkoming wees, en dit sal ’n heiligdom wees; en die huis van Jakob sal sy besittings in besit neem. Dan sal die huis van Jakob ’n vuur wees en die huis van Josef ’n vlam, maar die huis van Esau ’n stoppel; en dié sal hulle aan die brand steek en hulle verteer, sodat daar geen oorblyfsel vir die huis van Esau sal wees nie, want die Here het dit gespreek.

Dan sal dié van die Suidland die gebergte van Esau, en dié van die Laeveld die land van die Filistyne in besit neem; en hulle sal die veld van Efraim en die veld van Samaría, en Benjamin Gílead in besit neem. Die ballinge van hierdie leërmag van die kinders van Israel sal die wat Kanaäniete is, tot by Sarfat verower; en die ballinge van Jerusalem, wat in Sefárad is, sal die stede van die Suidland in besit neem. Dan sal daar verlossers die berg Sion opgaan om die gebergte van Esau te oordeel, en die koninkryk sal aan die Here toebehoort